# Wanneer grappies nie meer snaaks is nie

Deur Abrie Bronkhorst, regsadviseur, LWO Werkgewersorganisasie

Die werksplek is 'n diverse omgewing wat kultuur, godsdiens, oortuigings, waardes, politieke sieninge, verwysingsraamwerke, werksetiek, opinies en dies meer betref. Almal sal nie altyd met mekaar oor die weg kom nie en wanneer konflik ontstaan, moet die werkgewer intree en help om die konflik op te los voordat dit eskaleer.

Dikwels gebeur dit dat 'n werknemer onvanpaste gedrag probeer verskoon deur te paai dat dit net 'n grappie was. In die werksomgewing is die bestuur van menseverhoudinge veral kompleks en kan 'n 'grappie' ernstige en verreikende gevolge hê waarvoor die werknemer aanspreeklik gehou kan word.

## Swak gedrag vermom as grappies

Moderne tegnologie maak toerusting wat insidente of gesprekke kan opneem baie toeganklik vir enigeen. Dit, tesame met die feit dat die werksplek 'n hoogs gereguleerde omgewing is in terme van wetgewing, behoort werknemers twee keer te laat dink oor onvanpaste 'grappies'.

Tipiese voorbeelde van hierdie gedrag sluit in:

- Diskriminerende verwysings na ras, geslag, geloof, gestremdheid, ouderdom en dies meer, byvoorbeeld "jou aap", seksistiese opmerkings, seksuele teistering, ensovoorts.
- Poetse en speletjies. Wanneer dit by plaasimplemente, voertuie en masjinerie kom, kan geen vorm van speletjies bekostig word nie.
- Terg.
- Ruwe spel (*horseplay*). Dit is rowwe of rumoerige spel of slenters by die werksplek en kan aktiwiteite soos grappies wat fisiese kontak, rondspeel, teistering en ongemagtigde kompetisies insluit.
- Inligting wat op sosiale media-platforms soos WhatsApp gedeel word.
- Dreigemente. Wanneer een werknemer dreig om 'n ander leed aan te doen, hetsy mondelings en nie-verbaal ('n intimiderende kyk en handgebare).

Wanneer sulke 'grappies' skeefloop hou dit risiko's vir die werkgewer in, insluitend beserings aan diens, beskadiging van eiendom, skade aan die spandinamika wanneer verhoudinge in die werksplek verbrokkel, skade aan die werkgewer se openbare beeld, griewe, verwysings na die Kommissie vir Versoening, Bemiddeling en Arbitrasie, en hofsake.

## Dissiplinêre optrede

Elke werksplek moet 'n relevante dissiplinêre kode hê wat verseker dat duidelike reëls met toepaslike sanksies gevolg word. Die dissiplinêre kode maak voorsiening vir verskeie tipes oortredings wat met onvanpaste gedrag of 'grappies' verband hou, insluitend wanordelike gedrag, beledigende gedrag, beskadiging of misbruik van die werkgewer se eiendom, verbreking van vertroue, en oortredings wat met alkohol of dwelms verband hou.

Humor is 'n noodsaaklike uitlaatklep vir onderliggende spanning in die werksplek en dus begin hierdie tipe gedrag dikwels met onskadelike bedoelings. Die werkgewer moet egter die erns van die oortreding oorweeg en dissipline daarvolgens toepas.

Die erns van 'n oortreding word bepaal deur die werknemer se tipe werk en verantwoordelikheid, die (moontlike) gevolge van die oortreding asook die impak daarvan op die werknemer-werkgewer vertrouensverhouding. Die oortreding sal ook as ernstig geag word indien 'n werknemer se waardigheid aangetas is.

## Wees proaktief

Die meeste werksplekongelukke kan voorkom word deur bedag te wees op gevare en om veiligheidsreëls na te kom. Grense moet vanaf die begin van die diensverhouding gestel word om enige onsekerhede vorentoe te vermy. Werkgewers moet sorg dat hulle die korrekte prosedures volg wanneer dissiplinêre stappe geneem of konsultasies gehou word.

Die LWO help *boere as werkgewers* om aan arbeidswetgewing te voldoen.

LWO WERKGEWERSORGANISASIE EMPLOYERS ORGANISATION




Ons dienste as geregistreerde werkgewersorganisasie:
Arbeidsoudit | Gratis 24/7 regsadvies hulplyn | Gratis arbeidsreg dokumentasie & dienskontrakte | Dissipline in die werksplek - konsultasies, waarskuwings, dissiplinêre verhore | KVBA en Arbeidshof verteenwoordiging | Bystand met stakings | Herstrukturering | Personeelvermindering | Vakbond onderhandelinge | Bystand met Departement van Indiensneming en Arbeid inspeksies | Billike Werksgeleenthede, ens.

086 110 1828 info@lwo.co.za www.lwo.co.za

Mondstuk van die Suid-Afrikaanse aartappelbedryf • Mouthpiece of the South African potato industry

# CHIPS

VOL 36 NO 6 • NOVEMBER / DECEMBER 2022



**SANDSPLEET, SPLEETSKURF OF ANDER OORSAKE: OORSIG VAN AARTAPPELKRAKE**

**SANDVELD KULTIVARPROEF ONDER BESPROEIING OP AURORA IN 2021/22**

**Improving diversity in potato plantings**

**Use of lime in soil: Acidity is no longer visible**

**Reviewed and updated ARC irrigation manual**